basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V2

## FEBRUARIE/MAART 2017

## MEMORANDUM

**PUNTE: 30**

| NET VIR AMPTELIKE GEBRUIK | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VRAAG | PUNTE VERWERF | | | | MODEREERING | | |
| | MAX | PUNTE VERWERF | | TEKEN | GEMODEREERDE PUNTE | | TEKEN |
| | | 10 | 1 | | 10 | 1 | |
| 1 | 4 | | | | | | |
| 2 | 6 | | | | | | |
| 3 | 4 | | | | | | |
| 4/5/6 | 8 | | | | | | |
| 7 | 8 | | | | | | |
| TOTAAL | 30 | | | | | | |

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gehoor (10)
   AFDELING B: Herkenning (12)
   AFDELING C: Vorm (8)

2. VRAAG 1, VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 7 is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord VRAAG 4: Westerse Kunsmusiek (WKM) ÓF VRAAG 5: Jazz ÓF VRAAG 6: Inheemse Afrika-musiek (IAM).

4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.

5. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl die kandidate na 'n CD luister.

6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat MAG NIE hierdie bladsy verwyder NIE.

8. Kandidate mag vir die duur van die eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning by elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKAPPARAAT WERK**

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.

2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die getal kere wat in die vraestel gespesifiseer is, gespeel word.

3. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hul antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.

4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.

5. Indien 'n skool meer as een stroom, (Westerse Kunsmusiek (WKM), Jazz, Inheemse Afrika-musiek (IAM)), aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
   - Elke stroom moet die eksamen in 'n aparte lokaal skryf.
   - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
   - Elke lokaal moet sy eie CD met musiekuittreksels ontvang.
   - 'n Toesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.

6. Die snitte moet soos volg gespeel word:
   - WKM-kandidate: Snit 1–19 en Snit 33–36
   - Jazz-kandidate: Snit 1–13, Snit 20–23 en Snit 33–36
   - IAM-kandidate: Snit 1–13, Snit 24–32 en Snit 33–36

7. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet in geval van 'n kragonderbreking beskikbaar wees.

Kopiereg voorbehou 

## OPSOMMING VAN PUNTE

| **AFDELING A: GEHOOR** | **TOTAAL** |
|---|---|
| VRAAG 1 (VERPLIGTEND) | 4 |
| VRAAG 2 (VERPLIGTEND) | 6 |
| **SUBTOTAAL** | **10** |
| **AFDELING B: HERKENNING** | **TOTAAL** |
| VRAAG 3 (VERPLIGTEND) | 4 |
| VRAAG 4 (WKM) **OF** | 8 |
| VRAAG 5 (JAZZ) **OF** | 8 |
| VRAAG 6 (IAM) | 8 |
| **SUBTOTAAL** | **12** |
| **AFDELING C: VORM** | **TOTAAL** |
| VRAAG 7 (VERPLIGTEND) | 8 |
| **SUBTOTAAL** | **8** |
| **GROOTTOTAAL** | **30** |

Kopiereg voorbehou 

*Nota aan die nasiener: Kandidate moet punte ontvang vir enige korrekte antwoorde wat nie in hierdie memorandum verskyn nie.*

## AFDELING A: GEHOOR

### VRAAG 1

Speel Snit 1 TWEE keer na mekaar.

1.1 Luister na die melodiese en ritmiese frase. Noteer die ritme van die ontbrekende note in maat 3–4 hieronder.

Speel Snit 1 weer TWEE keer.

**Antwoord:**

½ ½ ½ ½ ½ ½



(3)

*½ punt per noot soos aangedui = 3 punte*

Speel Snit 2 DRIE keer na mekaar.

1.2 Watter EEN van die uittreksels hieronder is die beste voorstelling van die solo-vioolparty? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.



X

(1)
**[4]**

Speel Snit 2 nog EEN keer.

*Korrekte antwoord = 1 punt*

**VRAAG 2**

| Speel Snit 3 EEN keer vir 'n algemene oorsig. |
|---|


Luister na die uittreksel uit *Menuet in G* deur Mozart. Beantwoord die vrae wat volg.



Speel Snit 4 TWEE keer.

2.1 Die notasie van mate $2^{3b}$ tot $4^{2}$ is in die partituur by 2.1 weggelaat. Voltooi die ontbrekende toonhoogtes op die partituur wat met die musiek wat jy hoor ooreenstem.

**Antwoord:**




(3)

*½ punt vir elke korrekte toonhoogte = 6 x ½ = 3 punte*

Speel Snit 5 EEN keer.

2.2 Benoem die kadens by (a) in maat $7^{3}$–$8^{2}$. (Die snit begin in maat 1.)

**Antwoord:**
Volmaakte/Voltooide kadens
*1 punt* (1)

Speel Snit 6 EEN keer.


2.3 Luister na die musiek in maat $8^{3}$–$12^{2}$. Watter komposisietegniek word by (b) gebruik? (Die snit begin in maat $8^{3}$.)

**Antwoord:**
- Sekwens
- Ritmiese herhaling

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

Speel Snit 7 TWEE keer.

2.4 Voltooi die ontbrekende basnote by (c) op die partituur. (Die snit begin in maat $12^{3}$.)




(c)

**Antwoord:**

*½ punt vir elke korrekte toonhoogte = 1 punt* (1)

Speel Snit 8 vir 'n finale oorsig.

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 10**

## AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE

### VRAAG 3: ALGEMENE BELUISTERING (VERPLIGTEND)

Luister na die volgende snitte en beantwoord die vrae wat volg:

*Nota aan die nasiener: indien 'n kandidaat meer as een item in 'n vraag kies, moet slegs die eerste item nagesien word.*

Speel Snit 9 EEN keer.

3.1 Luister na die musiek en dui EEN kenmerk wat jy hoor aan. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**
Strykensemble
*1 punt* (1)

Speel Snit 10 TWEE keer.

3.2 Kies enige EEN item in KOLOM A en beskryf kortliks in KOLOM B wat jy hoor.

**Antwoord:**

| KOLOM A | KOLOM BESKRYWING |
|---|---|
| Tonaliteit | Majeur |
| Sangtegniek | Scatting (vokale nonsens sillabiese sang) vokale improvisasie/vokalis |
| Stemtipe | Vroulike stem/alt |

*Korrekte antwoord = 1 punt* (1)

Speel Snit 11 TWEE keer.

3.3 Kies enige TWEE items in KOLOM A en beskryf kortliks in KOLOM B wat jy hoor.

**Antwoord:**

| KOLOM A | KOLOM B BESKRYWING |
|---|---|
| Komposisietegniek | Vraag en antwoord/Nabootsing/Herhaling |
| Harmonie | Herhalende patroon |
| Tydmaatteken | 4/4 of 2/2 |

*Korrekte antwoord= 2 punte* (2)

*Nota aan die nasiener: Indien 'n kandidaat meer as een item kies moet slegs die eerste twee items nagesien word.*

Speel Snit 12 en 13 na mekaar.

3.4 Jy sal TWEE verskillende uitvoerings van dieselfde stuk hoor: Snit 12 en Snit 13. Vergelyk hierdie twee uittreksels ten opsigte van die volgende:

**Antwoord:**

| | **Snit 12** | **Snit 13** |
|---|---|---|
| Instrumentasie | Klawesimbel | Klavier, tromme, bas |
| Tekstuur | Polifonies | Polifonies |
| Styl | Barok | Jazz |
| Gebruik van ritme | Gelykmatig/Streng | Swing |

(4)

*1 korrekte antwoord per vergelyking = 1 punt*
*Geen ½ punte*

(8 ÷ 2) (4)

**TOTAAL AFDELING B: 4**

**Beantwoord VRAAG 4 (WKM) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (IAM).**

**VRAAG 4: WKM**

4.1 Luister na die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

| Speel Snit 14 EEN keer. |
|---|

4.1.1 Noem die werk waaruit hierdie uittreksel geneem is.

**Antwoord:**
- *Hebrides Ouverture*
- *Fingal's Cave*

| *Enige korrekte antwoord = 1 punt* |
|---|

(1)

4.1.2 Identifiseer die tonaliteit van hierdie uittreksel. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**
Majeur

| *1 punt* |
|---|

(1)

| Speel Snit 15 EEN keer. |
|---|

4.1.3 Beskryf die melodielyn.

**Antwoord:**
- Legato/aanmekaar gebinde note/Vloeiend
- Cantabile/in 'n sangstyl/Liries
- Vinnig opeenvolgende crescendo's en decrescendo's
- Konstante opgaande en afgaande lyn
- Word deur tjello-afdeling gespeel

| *Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte* |
|---|

(2)

4.1.4 Identifiseer die kadens aan die einde van hierdie uittreksel.

**Antwoord:**
Volmaakte/Voltooide kadens

| *1 punt* |
|---|

(1)

Kopiereg voorbehou

4.2 Luister na die uittreksel uit Mozart se *Towerfluit* in Snit 16 en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 16 TWEE keer.

4.2.1 Noem die karakter wat in hierdie uittreksel sing.

**Antwoord:**
Sarastro
*1 punt* (1)

4.2.2 Wat stel hierdie karakter in die opera voor?

**Antwoord:**
- Goedheid
- Vaderskap
- Respek/Eerbied

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

4.2.3 Noem die stemtipe wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:**
Bas
*1 punt* (1)

4.2.4 Stel 'n geskikte Italiaanse tempo-aanduiding vir hierdie uittreksel voor.

**Antwoord:**
- Adagio
- Largo

*Enige 1 geskikte Italiaanse term = 1 punt* (1)

4.2.5 Waar in die opera word hierdie uittreksel gesing?

**Antwoord:**
- Tweede bedryf
- Voor Tamino onderwerp is aan die beproewing

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

4.2.6 Beskryf wat op hierdie oomblik in die storielyn gebeur.

**Antwoord:**
- Sarastro sing van die ideale van die Broederskap nadat Pamina pleit vir vergifnis vir haar Koningsmoeder
- Sarastro maak 'n belofte aan die Egiptiese gode om Tamino gedurende sy vuurdoop te verteenwoordig

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

4.3 Luister na die uittreksel uit Beethoven se *Simfonie Nr. 6* in Snit 17 en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 17 EEN keer.

4.3.1 Kies die term wat op hierdie uittreksel betrekking het. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**
Tutti
*1 punt* (1)

Speel Snit 18 EEN keer.

4.3.2 Noem die houtblaasinstrument wat die melodiese fragment met 'n hoë toonhoogte in hierdie uittreksel speel.

**Antwoord:**
Fluit
*1 punt* (1)

4.3.3 Uit watter beweging van die *Simfonie Nr. 6* deur Beethoven is hierdie uittreksel geneem?

**Antwoord:**
Eerste beweging
*1 punt* (1)

Speel Snit 19 TWEE keer.

4.4 Beskryf TWEE stylkenmerke wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:**
- Homofoniese tekstuur
- Reëlmatige frasering
- Duidelike kadense
- Melodiese motiewe word dikwels gebruik
- Concerto genre word gebruik (hobo en strykers)

*Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte* (2)

(16 ÷ 2) **[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**OF**

**VRAAG 5: JAZZ**

5.1 Luister na die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| Speel Snit 20 TWEE keer. |
|---|

5.1.1 Met watter van die volgende style sou jy hierdie uittreksel assosieer? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord**
Moderne jazz:
*1 punt* (1)

5.1.2 Identifiseer die stuk in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**
*Shebeen* (deur Hugh Masekela & The Union of South Africa)
*1 punt* (1)

5.1.3 Noem TWEE kunstenaars wat met die musiekstyl in hierdie uittreksel geassosieer word.

**Antwoord:**
- Hugh Masekela (Trompet)
- Jonas Gwangwa (Tromboon)
- Caiphus Semenya (Altsaksofoon)

*Enige 2 korrekte kunstenaars = 2 punte*

**OF**

- Hugh Masekela en 'The Union of South Africa'

*Antwoord = 2 punte* (2)

5.1.4 Identifiseer TWEE idiofone in hierdie uittreksel wat deel uitmaak van die ritmiese seksie in die musiek.

**Antwoord**:
- Skudkoker
- Beesklokke
- Simbale
- Tamboeryn

*Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte* (2)

5.2 Luister na Snit 21 en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 21 TWEE keer.

5.2.1 Identifiseer die jazzstyl in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**
Kwêla
*1 punt* (1)

5.2.2 Gee redes, wat verband hou met die musiek, vir jou antwoord op VRAAG 5.2.1.

**Antwoord:**
- Sikliese akkoordstruktuur
- Solospeler met orkes
- Lewendige tempo
- Skuifelagtige maatslag
- Jive/Swingritmes
- Ontwikkeling van melodiese materiaal in improvisasie
- Penniefluit

*Enige 3 korrekte antwoorde = 3 punte* (3)

5.2.3 Watter jazzkunstenaar van die 1950's het 'n invloed op hierdie tipe jazz gehad?

**Antwoord:**
- Spokes Mashiane
- Lemmy Mabaso
- Elias Lerole

*Enige 1 korrekte kunstenaar = 1 punt* (1)

5.3 Luister na Snit 22 en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 22 TWEE keer.

5.3.1 Gee redes waarom jy hierdie uittreksel as 'n tipiese Cape jazz-werk sou beskou.

**Antwoord**:
- Ritmiese karaktereienskappe van amaXhosa-musiek
- Ghoema-maatslag
- Mars en Kersorkesharmonieë
- Banjo en kitaarritmes van die Kaapse Klopse
- Spesifieke klavierstyl
- Saksofoon verskaf melodie in 'n nasale toonkleur met vibrato aan die einde van frases
- Duidelike karaktereienskappe van Khoi-San mondboog (mouth bow)

*1 punt vir elke korrekte antwoord tot en met 3 punte* (3)

Speel Snit 23 EEN keer.

5.3.2 Beskryf die styl van die saksofoonspel in jou eie woorde.

**Antwoord:**

- Dit speel die melodie
- Gebruik 'n *scooping*-voordragtegniek
- Speel in die middelregister
- Nasale toonkleur word gebruik
- Vibrato aan die einde van frases

*Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte* (2)

(16 ÷ 2) **[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**OF**

**VRAAG 6: IAM**

6.1 Luister na die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 24 EEN keer.

6.1.1 Identifiseer die musiekstyl in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**
- Free Kiba
- Malombo
- Afrika-jazz

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

Speel Snit 25 EEN keer.

6.1.2 Kies die volgorde waarin die instrumente intree. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**

| **Volgorde van instrumente** | |
|---|---|
| Tromme/Perkussie, klavier, baskitaar | |
| Tromme/Perkussie, baskitaar, klavier | **x** |
| Tromme/Perkussie, klavier en baskitaar | |

*Korrekte antwoord = 1 punt* (1)

Speel Snit 26 EEN keer.

6.1.3 Wat is die rol van die vrouestemme in hierdie lied?

**Antwoord:**
- Backingvokale
- Terugvoer van die 'vraag/roep' van die leier (man)
- Vul die harmonie in

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

6.1.4 Watter tipiese Afrika komposisietegniek word in hierdie uittreksel gehoor?

**Antwoord:**
Vraag en antwoord
*1 punt* (1)

6.2 Luister na die volgende TWEE snitte wat na mekaar gespeel word en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 27 en Snit 28 EEN keer na mekaar.

6.2.1 Die TWEE uittreksels het 'n eenderse doel of funksie. Verduidelik die doel of funksie van die musiek in hierdie twee uittreksels.

**Antwoord:**

- Godsdienstige of gewyde doel
- Ritueelagtig
- Kommunikasie met voorouers/God
- Hou verband met Afrika-goddelikheid

*Enige 2 korrekte antwoorde = 2 punte* (2)

6.2.2 Dui EEN groep aan wat my met Snit 27 assosieer. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| ZCC | Amazayoni (X) | Apostolic Church | Shembe |
|---|---|---|---|

**Antwoord:**

*Amazayoni*

*1 punt* (1)

Speel Snit 29 EEN keer.

6.2.3 Beskryf die gebruik van ritme in die membranofone.

**Antwoord:**

- Poliritmes
- Sinkopasie
- Herhalend

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

Speel Snit 30 EEN keer.

6.2.4 Beskryf die tekstuur van hierdie lied.

**Antwoord:**

- Oorvleueling van stemme
- Vraag en antwoord

*Enige korrekte antwoord =- 1 punt* (1)

| Speel Snit 31 DRIE keer. |
|---|

6.3 Luister na die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

6.3.1 Met watter inheemse Suid-Afrikaanse musiekstyl sou jy hierdie uittreksel assosieer?

**Antwoord:**
Isicathamiya

| *1 punt* |
|---|

(1)

6.3.2 Watter musiekuitvoeringseienskappe wat in hierdie musiek gehoor word, word gedeel met die musiekstyl in VRAAG 6.3.1?

**Antwoord:**
- Oorvleueling van stemme
- Manlike koor/ensemble
- Maak gebruik van falsetto
- Herhalende sikliese harmoniese progressies

| *1 punt vir elke korrekte antwoord tot en met 'n maksimum van 3 punte* |
|---|

(3)

| Speel Snit 32 EEN keer. |
|---|

6.4 Identifiseer die musiekstyl in hierdie uittreksel. Gee TWEE redes vir jou antwoord.

**Antwoord:**
**Styl:** Mbaqanga
**Redes:**
- Klein ensemblegroep
- Gebruik herhaalde kitaar melodieriffs
- Samesmelting van elektriese kitaarlyne word regdeur herhaal
- Kitaarinleiding
- Kitaarsnare het 'n sagte toonkwaliteit op die elektriese kitaar
- R&B vermeng met die sikliese struktuur van Marabi
- Beklemtoning op swak maatslae is tipies van die styl

| | |
|---|---|
| *Mbaqanga* | *= 1 punt* |
| *Redes: Enige 2 korrekte antwoorde* | *= 2 punte* |

(3)

(16 ÷ 2) **[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 12**

**AFDELING C: VORM**

**VRAAG 7**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Speel Snit 33 EEN keer vir 'n oorsig.

Luister na die volgende stuk terwyl jy die partituur bestudeer.




24
28
7.5
32
7.6
A
37
42
47

Speel weer Snit 33.

7.1 Wat is die algehele vorm van hierdie werk?

**Antwoord:**

- Drieledige vorm
- ABA

*Enige korrekte antwoord = 1 punt* (1)

7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.1 deur 'n skematiese uitleg van die vorm van hierdie werk te gee. Gebruik die tabel hieronder.

**Antwoord:**

| **Afdeling** | **Maatnommers** | **Punte** |
|---|---|---|
| *A ½ (Ingesluit die inleiding)*<br>*of*<br>*A ½* | *1–20 ½*<br>*or*<br>*5–20 ½* | *= 1 punt* |
| *B ½* | *21–34 ½* | *= 1 punt* |
| *A ½* | *35–52 ½* | *= 1 punt* |
| *Kadensuitbreiding (Vorm deel van A)* | *50–52* | |

*½ punt vir elke korrekte seksie = 1½ punte*
*½ punt vir elke korrekte stel maatnommers = 1½ punte* (3)

7.3 Noem die toonsoort van hierdie werk.

**Antwoord:**
A mineur
*1 punt* (1)

7.4 Kies die term wat die stemming van hierdie werk beskryf. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

**Antwoord:**
Affettuoso
*1 punt* (1)

Speel Snit 34 TWEE keer.

7.5 Watter komposisietegniek word in maat 31–32 gebruik? (Die snit begin in maat 31.)

**Antwoord:**
Nabootsing/Herhaling van 'n drienootmotief 'n oktaaf hoër

*1 punt*
*Slegs nabootsing/herhaling = ½ punt* (1)

Speel Snit 35 TWEE keer.

7.6 Skryf 'n Italiaanse term neer wat beskryf wat met die tempo in maat 34 gebeur. (Die snit begin in maat 33.)

**Antwoord:**
- Ritardando
- Rallentando

(1)

*Enige korrekte antwoord = 1 punt*

Speel Snit 36 vir 'n finale oorsig. **[8]**

**TOTAAL AFDELING C: 8**
**GROOTTOTAAL: 30**

Kopiereg voorbehou